

Geldsake

Nico van
Gijsen



Raad met jou rande

Ek kry gereeld 'n vraag van lesers wat lid is van die staat se pensioenfonds (Government Employees Pension Fund, of GEPF): Of dit beter is om te bedank en 'n eie pensioen aan te koop met hul geld en of hulle uit die fonds moet aftree.

Die vraag is ongelukkig baie keer gelaai met soveel emosie en politiek dat dit mense kan blind maak vir die langtermyn- finansiële werklikheid.

Eers die politieke vraag

Hoe veilig is my geld met hierdie regering? Die regering gaan die geld in die GEPF "steel" en dan is my pensioen daarmee heen.

Ek het nie 'n glasbal om in die toekoms te kan sien nie, maar hier is 'n paar punte wat my gerus maak.

Die GEPF word deur sy eie wetgewing (Wet 21 van 1996) gereël en val dus nie onder die Pensioenfondswet (Wet 24 van 1956) nie. Om enigiets aan die wet te verander, gaan dit 'n draai in die parlement moet maak en gaan belanghebbendes insettinge kan gee.

Ek kan my net voorstel wat gaan gebeur as die regering aan die GEPF begin karring. Sy magsbasis vorm die grootste gros van die GEPF se ledetal.

Daar lê jou sekerheid.

Dan die emosionele vraag

Die tweede vraag handel oor iets soos: "As ek doodgaan, kry my vrou net die helfte van my pensioen en daarna is niks oor vir my kinders nie."

Kom ons haal die emosie uit die vraag en kyk wat is relevant.

Jy moet beplan vir 'n lang lewe. Dis die grondbeginsel in enige aftreebeplanning. Jou geld wat jy by aftrede het, is al wat jy gaan hê vir die res van jou lewe.

En daarna, indien van toepassing, om vir 'n langlewende gade te kan voorsien totdat hy of sy sterf.

Om geld vir kinders na te laat, kom in die doer ver derde plek. Jy het nie aftree-



Wanneer jy die regering se pensioenfonds teenoor ander voorsieningsfondse opweeg, onthou om appels met appels te vergelyk, sê die skrywer.

GEPF: Om jou geld te vat (of nié)

Daar's min wat opweeg teen waarborge wat regering se pensioenfonds bied

geld gespaar vir jou kinders nie. Jy het vir jouself en jou man, vrou of lewensmaat gespaar sodat jy of julle vir juiself kan sorg. Juis om te keer dat jy of julle 'n finansiële las vir die kinders word. Sô help jy jou kind. Nie deur jou eie aftrede te beduiwel met dom besluite nie.

Dan die werklike finansiële implikasie

Goed, dit gesê, kom ons kyk na die geldelike werklikheid tussen bedank en jou eie pensioen aankoop, teenoor aftree uit die GEPF. Ek kan tientalle voorbeelde aanhaal van berekenings wat ek vir GEPF-kliënte gedoen het, maar omdat elkeen se situasie en behoeftes verskil, gaan ek dit nie doen nie.

Ek wys liewer op 'n paar belangrike gevolgtrekkings wat daaruit gemaak kan word wat ek meen die meeste GEPF-ledesal geld. Dit kan diegene wat staan voor dié vraag ook help met duidelikheid oor wat werklik belangrik is.

Ek weet daar is talle makelaars wat rondloop en mense se emosies opjaag met die argumente wat ek hierbo bespreek. Kyk daarby verby.

Die GEPF bied aan afgetredenes 'n lewenslange, gewaarborgde maandelikse pensioen, met jaarlikse stygings. By dood betaal die fonds 50% van die lid se pensioen aan 'n langlewende gade. Daar is ook 'n opsie van 75% van die pensioen vir 'n langlewende gade.

Die fonds bied ook 'n kontantuitbetaling, genoem 'n gratifikasie. Die deel van die gratifikasie wat van toepassing is op diensjare vóór 1998 is alles belastingvry.

Ek sien in berekenings wat gedoen word deur makelaars wat bedankings aanmoedig dat in byna al die gevalle daar nie die spreekwoordelike appels met appels vergelyk word nie.

Byvoorbeeld, in die berekening van 'n pensioeninkomste uit 'n lewende annuïteit, om dit vergelykbaar te laat lyk met die gewaarborgde pensioen van die GEPF, moet die gratifikasie gewoonlik ook belê word vir 'n inkomste. Met die GEPF is die gratifikasie joune om mee te maak soos jy wil.

En verder, die GEPF betaal ook 'n deel van jou mediese-skema-tarief ná aftrede. Dit moet bygetel word by die pensioen as jy wil vergelyk.

Boonop, sien ek, die onttrekkingskoers wat ter illustrasie gebruik word om te kan "vergelik" met die GEPF-pensioen is baie keer hoër as die sowat 5% per jaar wat as 'n sinvolle koers beskou word om kapitaal te beskerm.

Hoe hoër jou onttrekkingskoers uit die lewende annuïteit, uiteraard, hoe hoër is die vereiste beleggingsgroei. Dis groei waarvoor juis verantwoordelik is.

Byvoorbeeld, as jy begin onttrek teen 10% per jaar gaan jy in jaar sewe reeds (teen 8% groei en inflasie van 5% per jaar) die maksimum onttrekkingskoers (17,5% per jaar) bereik wat toegelaat word met 'n lewende annuïteit. Daarna neem jou pensioen noodwendig af.

Die GEPF-pensioen, daarenteen, bly groei en is lewenslang gewaarborg. Jy is kommerfry.

As jy beter wil doen as die 50%-pensioen vir 'n langlewende gade ná dood neem die 75%-opsie. Ek sal dit in elk geval aanbeveel. Finansier dit uit jou gratifikasie, nie uit jou pensioen nie. Op dié manier trek julle albei die voordeel van 'n groter pensioen. Lewenslang.

Dink maar baie mooi voordat jy die bedank-opsie neem.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.